# Stellenboschberg - 2021

| **ROETE:** | Vanaf Paradyskloof | **DATUM:** | 2021/04/10 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Vroeg die Saterdag oggend daag 11 van ons op by die Eden Forest parkeer area. Ons handel die admin af en begin om te stap in die rigting van Stellenboschberg. Die berg troon bo ons uit en ons bespiegel oor hoe ons daar gaan kom. Na 'n entjie verlaat ons die jeep track en volg 'n paadjie reguit op teen die kant van die berg. Ons klim stadig maar aanhoudend en neem ook die tyd om die uitsig oor Stellenbosch te geniet. Na 'n ruk kom ons af op 'n deel van die berg wat ook gebrand het met die laaste groot brand en moet ons maar soek na die paadjie. Na 'n lekker swoeg en sweet is ons op die nekkie waar ons vir die eerste keer in die Jonkershoekvallei kan afkyk en is almal geskok oor hoe erg dit gebrand het. Van die nekkie neem ons die roete tot by die baken, waar ons eers moet klim en klouter oor groot rotse om tot bo te kom. Hier neem ons 'n welverdiende breek. 'n Akkedis maak sy verskyning en is tog te hans so tussen ons deur en die maak seker ons verstaan dis sy plek. Hierna neem ons dieselfde roete terug. Die paadjie is egter baie klipperig en los, so dit het maar stadig gegaan. Na die tyd geniet van ons 'n drankie by 'n kroeg op Stellenbosch voordat ons almal huiswaarts keer.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2021024 | R 5 | 12 | |
| Delfie Issel | 2021016 | R 5 | 12 | |
| Walmarie | n/a | R 10 | 12 | |
| Estelle Smuts | 2021033 | R 5 | 12 | |
| Waldemar Smuts | 2021034 | R 5 | 12 | |
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 5 | 12 | |
| Werner Booyens | 2021057 | R 5 | 12 | |
| Ulla Esterhuizen | 2021095 | R 5 | 12 | |
| Rikus Esterhuizen | n/a | R 10 | 12 | |
| Chris van der Merwe | 2021052 | R 5 | 12 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 5 | 12 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 65** | **132** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Nie geneem |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Werner Dalziel |
|---|---|